



# Lees hardop vir jou kind

## 5 goeie redes om hardop te lees

1. Om hardop vir jou kind te lees help om die band tussen ouer en kind te versterk.

2. Wanneer jy hardop vir kinders lees, en hulle die storie geniet, sien hulle lees as 'n bevredigende aktiwiteit, en dit spoor hulle aan om self te lees.

3. Wanneer ons hardop vir jong kinders lees, wys ons vir hulle hoe ons lees en hoe boeke werk. Hierdie kennis maak dit vir hulle baie makliker om later te leer lees.

4. Kinders kan stories wat buite hulle eie leesvermoë is, verstaan en geniet wanneer dit hardop vir hulle voorgelees word.

5. Wanneer kinders nuwe woorde in 'n storie hoor, ontwikkel hulle woordeskat, en dit gee hulle 'n ryk taal waaruit hulle kan put wanneer hulle hul eie stories skryf.

## Nal'ibali se 5 top wenke vir hardop lees

1. Kies boeke wat jy geniet, maar ook boeke wat by jou kinders se veranderende belangstellings sal pas.

2. Om hardop te lees is altyd 'n vertoning! Lees met gevoel om die stemming te skep!

3. Begin deur die naam van die skrywer (en illustreerder) te lees sodat kinders 'n waardering kan ontwikkel vir die feit dat boeke deur mense, net soos hulle, geskep word!

4. Wanneer jy 'n prenteboek lees, gee vir die kinders tyd om na die prente te kyk en kommentaar te lewer as hulle wil.

5. Boeke met rym, ritme en herhaling is baie goeie boeke om vir jong kinders hardop te lees, en kan jou help om 'n nuwe taal bekend te stel. Moedig die kinders aan om saam met jou te lees wanneer hulle die storie begin ken.

T: +27 (21) 448 6000 E: info@nalibali.org

www.nalibali.org | www.nalibali.mobi | nalibaliSA | @nalibaliSA | @nalibaliSA

